Vrae en Antwoorde

1. **Vir watter ouderdomsgroepe maak u voorsiening?**
   Babas vanaf 3 maande – kleuters wat 4 jaar oud word
2. **Hoeveel klasse het julle?**
   Die skool het 5 klaskamers.
   - Babas vanaf 3 maande tot en met ongeveer 18-20 maande
   - 2 Jaar klas: Kleuters vanaf ± 18 maande totdat potjie opleiding voltooi is (± 24 - 30 maande)
   - 3 Jaar klas (Die jaar waarin die kleuter 3 word)
   - 4 Jaar klas (Die jaar waarin die kleuter 4 word)
   - 5 Jaar klas – RR (Die jaar waarin die kleuter 5 word)
   - Neem asseblief kennis dat hierdie slegs 'n riglyn is. Individuele ontwikkeling word beoordeel en die kleuter sal ooreenkomstig geplaas word.
3. **Wat is die skool se ure?**
   Die skool open om 6:45 en sluit om 17:30 van Maandag tot Vrydag.
4. **Wanneer is die skool gesluit?**
   Publieke Vakansiedae. Indien die publieke vakansiedag op 'n Dinsdag of Donderdag val, sal die skool op die Maandag of Vrydag ook gesluit wees.
   Die eerste week gedurende die Junie / Julie Gauteng skool vakansie, Maandag tot Vrydag.
   Die skool sluit op die eerste Vrydag van Desember en heropen weer op die tweede Dinsdag in Januarie.
5. **Wat moet ek inpak vir my baba of kleuter?**
   Doeke, melkformule, ten minste 2-3 ekstra stelle klere (beide somer en winter klere)
6. **Moet ek enige voedsel inpak?**
   Geen voedsel hoef voorsien te word nie behalwe in die geval van allergië.
   Ontbyt (warm pap), middagete (proteïen, stysel en seisoenale vrugte) asook twee versnapperings (9:30 en 14:30) word deur die skool voorsien.
7. **Watse eetgoed word toegelaat vir verjaardag partytjies?**
   Koek of "cup cakes" asook partytjie pakkies is welkom. Maak asseblief seker dat daar genoeg is vir die hele klas.
8. **Watter tale word by die skool gepraat?**
   Cradle to Crayons is 'n tweetalige skool. Alle onderwyseresse is Afrikaans en is vlot in Engels.
   Beide Afrikaans en Engels word gebruik in die klasse.

9. **Watter kwalifikasies het die personeel?**
   Alle onderwysers by Cradle to Crayons het 'n graad of diploma in onderwys.
10. **Wat is die verhouding van personeel tot kinders?**
    Baba klas: 1 Onderwyser en 2 assistente vir 12 babas.
    2 Jaar: 1 Onderwyser en 2 assistente vir tot en met 25 kleuters
    3 Jaar: 1 Onderwyser en 1 assistent vir tot en met 25 kleuters
    4 Jaar: 1 Onderwyser en 1 assistent vir tot en met 25 kleuters
    5 Jaar: 1 Onderwyser en 2 assistente vir tot en met 25 kleuters
11. **Het u half-dag fasiliteite?**
    Ouers is welkom om kinders af te haal voor of na slaaptyd. Daar is geen verskil in die fooie nie.
12. **Maak u voorsiening dat kinders 2 of 3 dae per week kan bywoon?**
    2 of 3 dae per week is nie moontlik nie.
13. **Cradle to Crayons is 'n Christelike skool met Christelike norme en waardes.**
14. **Indien u enige ander vrae het wat nie deur bogenoemde beantwoord is nie, kontak ons via e-pos (Enquiry Tab) vir meer inligting.**

Komplimente of klagtes sal binne 24 uur aandag geniet. Verskaf asseblief besonderhede van u compliment of klagte.